
NKOSI SIKELEL'I AFRIKA ▲ HOSI KATEKISA AFRIKA ▲ GOD SEËN AFRIKA ▲ KHOTSI, SHUDUFHADZA AFRIKA ▲ GOD BLESS AFRICA ▲ MORENA BOLOKA SECHABA SA HESO

# *'n Beter Lewe vir Almal!*

## *Span saam vir Werk, Vrede en Vryheid*

ANC



MCH91-142-6

*Mede-Suid-Afrikaners,*

*Uiteindelik het die dag gekom waarop ons almal vir 'n regering van ons keuse kan stem.*

*In 1986 het ek aan die regering voorgestel dat dit tyd was om Suid-Afrika se probleme deur onderhandelinge op te los. Ek het geglo my strewe om vrede en demokrasie deur dialoog te vind, op die ou end vrugte sal afwerp.*

*Vandag is ons amper daar. Dit is, bowenal, 'n huldeblyk aan die pogings en opofferinge van miljoene Suid-Afrikaners.*

*Die ANC se toekomsblik is dié van 'n Suid-Afrika waarin mense in vrede woon en gelyke geleenthede het. Hierdie ideaal het my gedurende die 27 jaar in die tronk krag gegee. Ek was bereid om my lewe op te offer daarvoor - dis 'n ideaal wat ons saam op die 27ste April 1994 kan verwesenlik.*

*Ek lewe met die hoop dat al daardie jare en die opofferinge van my landgenote nie verniet was nie. Ek glo dat ons, in die jare wat kom, saam sal werk om 'n verenigde nasie in 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika te bou.*

*Ons kinders en kleinkinders moet nooit weer die geweld en lyding, die oneer en die pyn ken wat baie van ons moes verduur nie. Hulle moet hul kinderjare geniet en veilig by hul gesinne voel. Hulle moet met gelyke geleenthede grootword om só die lewe ten volle te benut.*

*Ek maak 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om saam met ons aan versoening, vrede en 'n beter lewe vir almal te bou.*

*Die uwe*

*Nelson Mandela*

# *Saam het ons alle Suid-Afrikaners se reg om te stem, gewen*

Op die 27ste April sal ons almal, vir die eerste keer in ons geskiedenis, trots staan as gelyke burgers in ons gemeenskaplike tuiste.

Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing handel oor ons gemeenskaplike strewe na vryheid, vrede en 'n beter lewe vir almal. Dit gaan oor 'n verlede van onderdrukking en wanhoop en 'n toekoms van hoop en demokrasie.

Daar is diegene wat ons sou wou laat glo dat die verlede nie bestaan nie: dat die dekades van apartheidsregering skielik verdwyn het. Maar die ekonomiese en sosiale vernietiging van apartheid bly. Ons land is in 'n gemors.

Om die ernstige probleme wat deur apartheid veroorsaak is, uit te wis, het Suid-Afrika 'n regering nodig wat die politieke wil het om die uitdaging te trotseer. 'n Regering wat die noodsaaklikhede van die toekoms verstaan omdat dit die nalating en die verdeeldheid van die verlede verstaan. Ons het 'n regering nodig wat mense eerste plaas.

## *Trots op ons verlede - vol vertroue op die toekoms*

Toe die African National Congress sy visie vir 'n nie-rassige samelewing op die 8ste Januarie 1912 opgestel het, het ons nie geweet hoe lank dit sou vat om dit te bereik nie. Wat ons wel geweet het, is dat ons nie sou rus voor ons hierdie ideale verwesenlik het nie.

Vir langer as 80 jaar het die ANC die stryd gelei om 'n Suid-Afrika wat aan al die mense daarin behoort, te bewerkstellig. Die ANC is 'n tuiste vir alle Suid-Afrikaners. Ons krag kom vanuit ons wortels tussen die mense. Dis waarom ons mense se weerstand in die donkerste oomblikke aangewakker het. En dis waarom ons die onderhandelingsproses begin het en gelei het. Ons program weerspieël mense se jarelange stryd; hul begeertes is daarin opgeneem.

## *'n Duidelike plan*

Ons benodig duidelike doelwitte en 'n werkbare plan om 'n beter lewe vir almal te bou. Enige oplossing van die apartheidsprobleem het 'n aanslag nodig wat bo eng belange uitstyg én al ons land se bronne

benut. Dit benodig:

- 'n demokratiese samelewing gegrond op gelykheid, nie-rassigheid en nie-seksisme;
- 'n nasie gebou deur die ontwikkeling van ons verskillende kulture, gelowe en tale as 'n bron van ons gemeenskaplike krag;
- 'n ekonomie wat groei deur werk, behuising en onderwys te verskaf;
- 'n vreedsame en veilige omgewing waarin mense sonder vrees kan lewe

Hierdie is die beginsels wat ons sal lei terwyl ons saam werk om 'n nuwe samelewing te bou. Die raamwerk is tot in die fynste besonderhede in ons Herbouings- en Ontwikkelingsprogram vervat.

Die ANC is reg om te regeer: ons is reg om te luister. In die ontwikkeling van ons beleid oor jare heen, het ons mense wyd geraadpleeg - die People's Forums is die mees onlangse voorbeeld. Ons het ook besprekings gehou met rolspelers in die ekonomie, onderwys en op ander gebiede.

Terwyl ander hulle hande in wanhoop die lug ingooi of vingers wys, het ons ons moue opgerol en die probleme aangepak. Ons besef dat om die gemors wat oor dekades heen deur die Nasionale Party geskep is, ongedaan te maak, nie maklik sal wees nie. Maar ons weet julle kan 'n verskil maak. As ons almal saamwerk, is ons in staat om selfs meer te bereik.

*Een van die mees dringende uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, is die goedkeuring van 'n nuwe demokratiese grondwet. In die Grondwetlike Vergadering sal die ANC, wat ons meerderheid ook al mag wees, deur raadpleging en debat streef om nasionale konsensus te behaal.*

# 'n Regering van die mense

Die ANC het altyd vir grondliggende demokratiese beginsels gestaan wat die volgende insluit:

- 'n grondwet en 'n Handves van Menseregte wat regte vir almal waarborg, insluitende die reg tot 'n minimum lewenspeil;
- die reg van alle mense om 'n regering waarvan hulle hou in 'n gewone, vrye en regverdige verkiesing in 'n veelparty-demokrasie te kies;
- demokratiese regering op provinsiale - en plaaslike vlakke, met die magte en bronne om in mense se behoeftes te voorsien;
- 'n onafhanklike regbank en grondwetlike hof wat beskerm word teen enige regerings- of party-politieke inmenging;
- vryheid van diskriminasie op grond van ras, geslag of enige ander grondslag;
- vryheid van assosiasie en die reg tot aanbidding.

## 'n Goeie begin

Deur onderhandelinge en die stryd het die ANC verseker dat Suid-Afrika se nuwe grondwet deur demokraties verkose verteenwoordigers opgetrek sal word.

Ons verbind onsself volkome tot die Grondwetlike Beginsels waarop daar by die veelparty-onderhandelinge as grondslag vir die opstel van 'n nuwe demokratiese grondwet ooreengekom is.

Die oorgangsgrondwet is 'n belangrike eerste stap in die rigting van demokrasie. Tog is dit nodig dat die nuwe demokratiese grondwet en die Handves van Menseregte werklik demokraties moet wees. Die uitdaging is om demokrasie 'n lewende werklikheid te maak.

## 'n Oop samelewing

Die ANC sal na 'n oop samelewing streef wat sterk debatvoering aanmoedig. Mense moet vry wees om hulle oogpunte, insluitende kritiek op die regering van die dag, oor te dra sonder om bang te wees. Vir demokrasie om te gedy, is vryheid van die media noodsaaklik.

## *Eenheid in verskeidenheid*

Alle Suid-Afrikaanse tale sal gelyke status geniet. Geen kultuur sal bo 'n ander een bevorder word nie. Tradisionele leiers sal volgens demokratiese riglyne die status kry wat hulle toekom. Godsdiensvryheid en aanbidding is 'n grondliggende reg van Christene, Moslems, Hindoes, Jode, en talle ander oortuigings - teen niemand sal daar gediskrimineer word nie.

## *'n Nuwe styl van regering*

Regeringsadministrasie is daar om die mense te dien. Dit moet verantwoording teenoor hulle doen. Die ANC sal private burgers aanmoedig om van die onafhanklike Openbare Beskermer gebruik te maak om korrupsie, oneerlikheid of verbreking van gedragsreëls deur regeringsamptenare te ondersoek - daar sal afgereken word met diegene wat skuldig bevind word. Forums wat die regering en werkers, sakelui, onderwysers en ander groepe verteenwoordig, sal versterk word om in beleidsformulering te help. In die regering sal die ANC voortgaan met die tradisie van People's Forums, naamlik vergaderings waarin gewone mense hul menings kan uitspreek.

*Demokrasie beteken meer as om net te kan stem. Dit moet gemeet word deur na die lewensgehalte van gewone mense - man en vrou, oud en jonk, plattelands en stedelik - te kyk. Dit beteken om aan alle Suid-Afrikaners die geleentheid te gee om die land se rykdom te deel, tot sy ontwikkeling by te dra en hul eie lewens te verbeter.*

# Die verbetering van lewensgehalte

Vir jare lank het ons ekonomie die minderheid bevoordeel - geleenthede en geriewe was tot 'n geringe aantal mense beperk. Alle partye praat van die verbetering van lewensgehalte, maar slegs 'n party wat die meerderheid verteenwoordig, kan vertrou word om dit te doen.

## Werk en beter inkomstes

Die miljoene werkloses is bo aan die ANC-regering se agenda. Deur 'n dinamiese en groeiende ekonomie te vestig, sal ons verskillende middele aanwend om meer werk en geleenthede te skep.

### 'n Groeiende ekonomie

Die ANC sal, as 'n legitieme regering, in staat wees om saam met ander te werk om 'n omgewing van vrede en stabiliteit te skep wat beleggersvertroue sal versterk. Die internasionale gemeenskap het reeds gunstig gereageer op ons aandrang op groot beleggings.

'n Nuwe handel- en nywerheidsbeleid sal hoofsaaklik op werkskepping toegespits word om só ons vervaardigingskapasiteit en uitvoernywerhede te versterk.

Ons ekonomiese program sal die behoefte vir ontwikkeling wat gehandhaaf kan word sonder om natuurbronne te vernietig, in ag neem. Strenger maatreëls sal ingestel word om ons omgewing vir toekomstige geslagte te beskerm.

### 'n Program vir openbare werke

'n ANC-regering sal onmiddellik 'n nasionale openbare werkeprogram in werking stel wat gemeenskapsbehoeftes sal aanspreek en werk sal skep. Die program se doelwit is om werk en opleiding vir omtrent 2,5 miljoen mense oor die volgende tien jaar te verskaf. Paaie sal gebou word; daar sal voorsien word in water en elektrisiteit, skole, behuising en ander behoeftes.

### Geleenthede vir klein besighede

Ons program sal meer werksgeleenthede skep deur dit makliker te maak om jou eie besigheid te begin. 'n ANC-regering sal lisensiewette verander, opleiding en toegang tot lenings verskaf, en, veral, vroue bystaan. Die regering sal die klein sakesektor sommige van sy kontrakte gee om die groei van hierdie sektor aan te help.

### *Werkers se regte*

Die ANC is verbind tot volle regte vir alle werkers in die openbare - en privaatsektor, insluitende huishoudelike - en plaaswerkers, om te organiseer, saam te beding en om deur vakbonde verteenwoordig te word. Die demokratiese regering sal:

- alle diskriminasie onwettig maak;
- die moederskapregte, kindersorgregte en werkstandaarde waarvoor ons so hard geveg het, beskerm en uitbrei;
- Volwasse Basiese Onderwys in gebruik stel, asook meer geleenthede vir gespesialiseerde opleiding vir werkers en werkloses, veral jeugdiges en vroue;
- gesentraliseerde bedinging en sterker vakbonde bevorder;
- die reg om te staak waarborg;
- gesondheid- en veiligheidstandaarde verhoog en streng toepas.

### *'n Regverdige belastingstelsel*

'n ANC-regering sal seker maak dat Suid-Afrika 'n doeltreffende belastingstelsel het. Die inkomste wat gewone mense verdien, sal nie as gevolg van onregverdige belasting verlore raak nie. Ons sal:

- BTW op basiese kos soos meel, melk en suiker beëindig;
- inkomstebelasting op inkomste van minder as R4 000 per maand, verminder;
- onregverdige belasting op vroue, getroud en ongetroud, beëindig;
- deur doeltreffende invordering seker maak dat elke besigheid sy regverdige deel betaal.

## *Die beëindiging van landelike armoede*

***Bo en behalwe die geleenthede wat ons program vir plattelandse mense skep, sal 'n ANC-regering 'n plattelandse ontwikkelingsprogram in werking stel.***

Die meeste mense in die platteland - waarvan die meerderheid vroue is - lewe in armoede. Die hoofsaak in die ontwikkelingsprogram sal werkskepping deur nywerheidsontwikkeling wees, grondhervorming en geleenthede wat vir klein besighede geskep sal word. Ons sal ons op die verskaffing van water, klinieke, skole, toiletgeriewe, elektrisiteit, telefone en paaie toespits.

### *Grondhervorming*

Suid-Afrika behoort aan die mense wat daarin woon. Om dit 'n werklikheid te maak, sal 'n ANC-regering:

- vroue 'n gelyke reg om grond te bekom en spesiale hulp, waarborg;
- kleinskaalse boere bystaan om toegang tot opleiding, krediet en markte te verkry;
- grootskaalse boerdery aanmoedig, eiendomsreg en die basiese regte van plaaswerkers beskerm;
- ontwikkelingsagentskappe en bemarkingsrade herstruktureer om boere en verbruikers te dien;
- vergoeding vir slagoffers van gedwonge verskuiwings waarborg. Dit moet regverdig deur middel van 'n Grondeise-hof geskied;
- staatsgrond in die uitvoering van grondhervorming gebruik.

## *Die deure van geleerdheid moet oopgemaak word*

*'n ANC-regering sal aan onderwys voorkeur gee. Die uitdaging in onderwys is ontsaglik, maar dit beteken nie dat meer geld gevind hoef te word nie. Ons moet seker maak dat die R23 biljoen wat eenkant gesit is daarvoor, gebruik word om almal te bevoordeel.*

Die NP-regering het vir te lank te veel mense die reg tot onderwys of die regte leeromstandighede ontsê. Die klem sal op die opleiding van onderwysers geplaas word, asook op die opgradering en verbetering van hul werksomstandighede. In die eerste plek sal ons 'n leerkultuur aanmoedig, en sal ons 'n nuwe leerplan instel wat tegniese gehalte én humanistiese ideale bevorder.

'n ANC-regering sal:

- een onderwysstelsel bekendstel wat aan alle kinders gratis en verpligte onderwys vir tien jaar sal bied;
- alle bestaande skoolgeriewe weer in gebruik neem;
- meer klaskamers verskaf en ontoereikende geriewe herstel en moderniseer;
- die hoeveelheid gratis handboeke binne een jaar verdubbel;
- moedertaalonderwys en onderwys in enige gekose taal toelaat;
- 'n nasionale beurs- en leningstelsel verskaf;
- volwasse geletterdheidsprogramme verskaf;
- jeugdiges bystaan wat nie in staat was om hul onderwys te voltooi nie;
- aandag skenk aan maniere om voorskoolse onderwys en versorging te verskaf;
- spesiale bystand aan vroue bied.

# *Behuising en dienste vir almal*

***'n Dak oor jou kop en redelike lewensomstandighede is nie 'n voorreg nie. Dis elke mens se grondliggende reg.***

Die Nasionale Party het vir langer as twee dekades die bou van huise vir Afrikane in die stedelike gebiede gestaak. "Instromingsbeheer" en 'n gebrek aan stedelike beplanning het 'n krisis - waarin baie van ons sosiale probleme gewortel is - veroorsaak. Vroue is die reg om hul eie huise te besit, ontsê. Miljoene mense is 'n ordentlike gesinslewe ontsê.

Ons sal ons op die 7 miljoen "plakkers" en huislose mense toespits, en op die verbetering van die townships. As deel van 'n program om die trekarbeidstelsel van apartheid te beëindig, sal ons die hostelle volgens die behoeftes van die inwoners verbeter. Die ANC sal saam met bouverenigings en ander finansiële instellings verseker dat mense die lenings en die middele sal hê om hul eie huise te bou. Verbruikers sal teen swendel-boukontrakteurs en onregverdige geldskieters beskerm word.

Behuisingsplanne sal die behoefte van mense om naby hul werkplek te bly, en die noodsaaklikheid van doeltreffende vervoerstelsels, ontspannings- en ander geriewe in ag neem.

Die ANC sal 'n demokratiese, doeltreffende en oop plaaslike regering verseker wat intiem met gemeenskapstrukture sal saamwerk om behuising en dienste wat bekostig kan word, te verskaf.

Ons het uitgewerk die nuwe regering kan binne die volgende vyf jaar:

- een miljoen huise bou;
- lopende water en spoeltoilette aan meer as een miljoen gesinne verskaf;
- 2,5 miljoen plattelandse en stedelike huise van elektrisiteit voorsien.

# *Gesondheid: die versorging van alle mense*

***Suid-Afrika het meer as genoeg versorgingsbronne om na al sy mense om te sien.***

Onder apartheid is hierdie bronne gebruik om 'n klein deel van die samelewing op die grondslag van ras en rykdom te versorg. Die dood van babas as gevolg van siektes wat uit armoedige omstandighede spruit, het afmetings aangeneem wat geen nasie met self-respek kan aanvaar nie.

Die doel van die ANC se gesondheidsbeleid is primêre en bekostigbare versorging om te verseker dat alle Suid-Afrikaners die waarborg van basiese behandeling het.

Voorkoming sal voorkeur geniet en bronne sal veral in plattelandse en armoedige gebiede aangewend word.

'n ANC-regering sal:

- veilige moederskap bevorder en 'n hoofrol speel in die versorging van die nasie se kinders deur middel van programme van immunisasie, voeding en gratis versorging van kinders onder vyf jaar;
- maatreëls om medisynes bekostigbaar te maak, instel;
- hoofbronne aanwend om TB, VIGS en ander seksueel oordraaglike siektes, kanker en ander plae te beveg;
- die inskakeling van tradisionele versorging bevorder.

### *Welsyn en pensioene*

Versorging van kinders, bejaardes, gestremdes en slagoffers van geweld sal die middelpunt van ons welsynsbeleid vorm.

'n Intensiewe program sal aan huislose kinders gewy word. Alle mense verdien om waardig en veilig oud te word. Die regering sal die verskaffing van geriewe aan bejaardes ondersteun en sal die versekering gee dat mense wat pensioene en toelaes toekom, dit sal ontvang. Pensioene en toelaes sal deur poskantore, banke, bouverenigings en instellings wat toeganklik vir plattelandse mense is, verskaf word.

In raadpleging met gestremde mense, sal die ANC diskriminasie teen hulle in die verskaffing van dienste en werk uitroei. Hulle sal gehelp word om hul ware vermoëns te ontwikkel. Ons sal aandag skenk aan die verwydering van hindernisse wat die vind van werk en geleerdheid bemoeilik.

## *Die uitskakeling van diskriminasie – regstellende aksie*

***Dis nie genoeg om net van gelykheid te praat nie. Veral as die oorgrote meerderheid van ons mense agtergelaat is deur 'n stelsel wat hul wetlik uitgesluit het en die land ontneem het van die bydrae wat hulle kon maak.***

Geleenthede moet oopgemaak word aan almal waarteen as Afrikane (Africans), Kleurlinge en Indiërs gediskrimineer is, en ook as vroue, gestremde mense en as mense wat in landelike gebiede bly.

Dit sal nie gedoen word ten nadeel van andere nie; ook sal dit nie lei tot 'n verlaging in standaarde nie. Spesiale klem sal geplaas word op hul opleiding en opgradering sodat hulle tot hoër vlakke in besigheid, die staatsdiens, geskoolde werk en ander gebiede kan vorder.

Suid-Afrika sal as 'n geheel baat indien die breë spektrum van sy mense in alle vlakke van die samelewing verteenwoordig word. Vir ons ekonomie om te groei en ons kultuur om te gedy, is dit noodsaaklik dat meer mense geskoold moet wees, en dat hulle voel hulle is deel van die nasionale poging.

## *Só sal ons die plan laat werk*

***Ons weet dit gaan nie maklik wees om die heropbouing en ontwikkeling te finansier nie. Maar dis 'n geleentheid om die ekonomie op 'n pad van volgehoue groei en ontwikkeling te plaas.***

Omdat ons mense eerste plaas, gaan ons in werkskepping, behuising en onderwys belê en terselfdertyd die ekonomie help om te groei. Meer werk en beter inkomstes sal vir die regering meer geld gee om aan basiese behoeftes in die toekoms te bestee.

'n ANC-regering sal staatsbesteding verhoog en die privaatsektor aanmoedig om meer geld in produktiewe ondernemings te stort. Ons sal 'n heropbouingsfonds stig en internasionale bystand en lenings bekom.

Ons doelwit is om bronne meer doeltreffend te gebruik en om nie die belastinglas te vermeerder nie. Groot bedrae geld word reeds in onderwys, gesondheid en ander sfere gestort. Tog is die opbrengs swak. Geld word op 'n rassegrondslag aangewend - burokrasieë verkwis dit; deur korrupsie gaan dit verlore. Die vermorsing sal beëindig word.

# *Vrede en veiligheid vir almal*

*Ons land het vrede nodig. Geweld teen gemeenskappe moet beëindig word; asook die mishandeling van vroue en kinders. Ons moet die geweldskultuur wat deur apartheid veroorsaak is, beëindig. Hierdie hoop en gebed van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners moet verwesenlik word.*

Omdat ons die organisasie is wat die slagoffers van apartheid verteenwoordig, verstaan ons die verskil tussen 'n regering wat intimideer en 'n regering wat omgee. Almal verdien om in 'n veilige omgewing te lewe. 'n ANC-regering sal saam met gemeenskappe verseker dat misdaad vergeld word tot die volle omvang van die wet.

Wat benodig word, is:

- 'n regering wat al die mense verteenwoordig en 'n plan in werking stel wat werk sal skep;
- 'n regering wat verbind is tot die ferm hantering van geweld en misdaad - nie een wat net vingers wys nie;
- 'n vuurwapenbeheerprogram wat die aantal gewere in die hande van individue verminder en wat geweersmokkelary uitskakel;
- 'n program wat politieke verdraagsaamheid, respek vir die grondwet en landswette en vreedsame hantering van politieke verskille bevorder;
- 'n polisiemag wat verantwoording doen by die gemeenskappe wat dit dien;
- 'n program wat rehabilitasie in plaas van wraak beklemtoon.

## *Veiligheidsmagte*

Alle veiligheidsmagte sal hervorm word om die nasionale aard van Suid-Afrikaners en die geslagsamestelling te weerspieël. Hulle sal onpartydig en professioneel wees, die grondwet handhaaf en menseregte eerbiedig.

'n Nuwe weermag bestaande uit vrywilligers sal die verdediging van die land hanteer en sal hulle nie met binnelandse politieke sake bemoei nie. Dit sal ook gebruik word vir produktiewe doeleindes en om die vaardighede van die jeug op te gradeer.

Misdadige gedrag in hierdie magte sal nie geduld word nie. Diegene wat vandag nog daarin dien, sal aangemoedig word om in die diens te bly, en by die nuwe kultuur in te val. Veiligheidspersoneel sal, nes ander staatsamptenare, 'n waarborg hê dat hulle wel hul pensioen sal ontvang met hul aftrede of bedanking. Hulle sal ook fundamentele menseregte geniet.

# *Gelykheid voor die reg*

Misdaadbekamping sal slaag indien die hofstelsel die samelewing se ras- en geslagsamestelling breedweg weerspieël en geregtigheid en gelykheid voor die reg verskaf. Aanhouding sonder verhoor sal afgeskaf word. Die stelsel van geregtigheid sal meer toeganklik, goedkoop en regverdig vir almal gemaak word.

# *Ons neem ons regmatige plek in die wêreld in*

*Die ANC en sy leiers word wêreldwyd as handhawers van demokrasie en menseregte erken en gerespekteer. 'n ANC-regering sal Suid-Afrika weer ten volle deel maak van die wêreld-gemeenskap.*

Suid-Afrika sal sy rol in die wêreldwye veldtog vir demokrasie, menseregte, vrede en kernontwapening speel. Dit sal gehoor gee aan internasionale ooreenkomste wat menseregte, insluitende die regte van vroue en kinders, beskerm en sal volkome met menseregtegroepe saamwerk.

'n ANC-regering sal werk vir regverdige ekonomiese en sosiale verhoudinge tussen die ontwikkelde nywerheidslande en die ontwikkelende lande. Ons sal verhoudinge tussen Suid-Afrikaners en die verskillende nasies van die wêreld in gebiede soos sport, kultuur en toerisme aanmoedig.

## *Ons streek en ons kontinent*

Ons lot is verstrengel met dié van Suider-Afrika. 'n ANC-regering sal aan nouer samewerking en ekonomiese integrasie met die streek bou. Ons sal op die grondslag van gelykheid aktief deelneem aan die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingskonferensie en ander streeksinstellings.

'n ANC-regering sal uitgebreide bande met Afrika-lande smee en saam met ander state werk om te verseker dat die vasteland nie deur die res van die mensdom geïgnoreer word nie.

Suid-Afrika sal 'n volle lid van die Organisasie vir Afrika-Eenheid, die Verenigde Nasies, die Non-Aligned Movement, die Gemenebes en ander internasionale liggame word.

*'n Beter lewe vir almal! Span saam vir Werk, Vrede en Vryheid.*

# *'n Belofte*

***Hierdie beleid van die ANC lê die grondslag vir ons om saam te werk om Suid-Afrika 'n beter plek te maak.***

Die ANC besef hoe groot ons land se krisis is. Ons is oortuig daarvan dat die politieke wil, 'n vreedsame en stabiele omgewing en 'n tegnies betroubare program 'n standvastige fondament vir heropbouing en ontwikkeling is.

Die ANC belowe om alles te doen om hierdie ideale te verwesenlik. Ons is gereed om die probleme vas te vat.

Bowenal glo die ANC die plan sal net slaag as dit op die aktiewe deelname van almal gegrond is - 'n tradisie wat ons in die parlement wil inneem. Saam as Suid-Afrikaners - mans en vroue van alle kleure, jonk en oud, stedelik en plattelands - het ons die mag om 'n beter lewe vir almal te bou.

Kom ons verander Suid-Afrika saam. Sodat ons land nou vir eens en vir altyd vreedsaam en veilig kan wees. Sodat ons by die res van die mensdom as 'n trotse en verenigde nasie kan aansluit en saam vir 'n beter wêreld kan werk.

## *Nou is die tyd!*
## *God seën Suid-Afrika!*

Printed by Shereno (011) 422 4171



*Available from ANC Department of Information and Publicity*
*P.O. Box 61884 Marshalltown 2107 Johannesburg*
*Fax No: (011) 29-0302*

AF